

BORSLAPPIES-



gehekel
of gebrei?

Watter lappie is die beste vir jou baba?

Kies en besluit self!

GEHEKELDE BORSLAP

BENODIGDHEDE: Pinguin-hekelgare Nr. 5, ongeveer 100 g (50 g wit, 50 g vlootblou) 'n paar klein stukkies gare om mee te borduur, 1 hekelpen van 2,5 mm.

MATE: Borslappie is 28 x 35 cm groot.

SPANNING: 14 kb = 5 cm; 15 rye = 10 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; st(e) - steek(steke); sp(s) - spasie(spasies); herh - herhaal; r - brei regs; aw - brei aweregs; tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; ks - koussteek = 1 ry regs, 1 ry aweregs deurgaans; oorbl - oorblywende; ls(e) - lus(lusse); beg - begin.

AANWYSINGS: Met wit, hekel 72 ks.

1e ry: 1 kb in elke ks — 71 ste.

2e ry: 2 ks, (1 lb, 2 ks en 1 lb) in 1e kb, *sla 2 kb oor, (1 lb, 2 ks en 1 lb) in vlg kb*, herh van * tot * tot laaste kb, 1 lb in laaste kb.

3e ry: 2 ks, *(1 lb, 2 ks en 1 lb) in 1e sp*, herh van * tot * eindig ry met 1 lb in laaste ks, * tot * stel 1 motief voor. Herh 3e ry nog 4 keer.

9e ry: Hekel 11 motiewe soos in 3e ry, 6 lb oor vlg 2 motiewe soos volg: *1 lb in 1e lb van 1e motief, 1 lb in sp van 1e motief, 1 lb in 2e lb van 1e motief*, herh van * tot * oor 2e motief, hekel 11 motiewe.

10e ry: Hekel 10 lb, 6 lb oor vlg 4 motiewe soos in vorige ry van * tot *, hekel 10 lb. Gaan op dié wyse voort maar vermeer by die 3 lb in middel van elke ry deur van * tot * oor 1 motief aan albei kante te herh tot daar slegs 4 motiewe aan albei kante is met 48 lb daartussen.

Hekel voort soos tevore maar sonder vermeer tot werk 39 of 40 rye (of 26 cm) lank is, hekel vir halsvorming: 4 motiewe soos tevore, 17 lb, draai.

Hekel tot voorlaaste st soos tevore, draai (vermin op die manier 1 st aan buitenste rand). Hekel op dié manier voort en vermin 2 ste in elke alt ry tot 7 ste vermin is.

Gaan voort met vermin tot werk 33 cm lank is (49 of 50 rye).

Knip gare en werk af.

Heg gare aan ander kant vas en voltooi, alle vorming omgekeerd.

Hekel dan rondom borslappie soos volg:

1e rondte: Met wit, kb tot einde.

2e rondte: Met vlootblou, kb tot einde.

3e rondte: Met vlootblou, kb rondom oor halsrand. Vir sykante en onderkant word soos volg gehekel: *1 kb in elk van vlg 2 kb, sla 1 st oor, 5 lb in vlg kb, sla 1 kb oor*

BORSLAPPIES

herh van * tot *, tot einde en sluit af met 1 gs in laaste kb.

BANDJIES (maak 2): Hekel 60 ks, draai en hekel 1 kb in elke ks. Werk bandjies aan borslap vas.

VERSIERING: Met vlootblou, hekel 6 ks, sluit met gs om ring te vorm. Hekel *1 kb, 2 ks, 3 lb, 2 ks* in ring, herh van * tot * nog 3 keer. Sluit met 1 gs in laaste kb. Maak nog 2 medaljons soos die eerste en werk met naald en gare aan borslap vas (raadpleeg foto). Borduur blaartjies met groen gare en jou gunstelingsteek.

GEBREIDE AANGLIPBORS LAP

BENODIGDHEDE: Pingouin-hekelgaring Nr. 5, 100 g wit, 50 g rooi; 1 paar breinaalde van 2,5 mm, 1 rondbreipen van 2,5 mm, ongeveer 80 cm lank, hekelpen van 2,5 mm, 3 knope.

MATE: Borslap is 26 x 36 cm groot.

SPANNING: 15 ste = 5 cm, 21 rye = 5 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb -

kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; st(e) - steek (steke); sp(s) - spasie(spasies); herh - herhaal; r - brei regs; aw - brei aweregs; tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; ks - koussteek = 1 ry regs, 1 ry aweregs deurgaans; oorbl - oorblywende; m1 - maak 1 steek.

AGTERPANT: Met wit, begin aan onderkant, stel 79 ste op; brei 23 rye ks.

24e ry: r 2, r2 tes, r tot laaste 4 ste, grtgso, r 2.

Herh vermin elke 8e ry aan weerskante van borslap nog 5 keer — 67 ste.

Brei 12 rye reguit.

Vlg ry: r 2, vermeer 1 st, r tot laaste 3 ste, vermeer 1 st, r 2.

Herh vermeer in elke 8e ry nog 5 keer, — 79 ste.

Brei voort in ks tot 126 rye voltooi is — 30 cm.

Halsvorming: 127e ry: r 30 ste, draai.

128e ry: Heg 4 ste af, brei tot einde.

129e ry: Brei tot einde, herh laaste 2 rye nog een keer.

132e ry: Vermin 1 st op elke alt ry, 5 keer.

Brei reguit voort tot 142 rye voltooi is, heg oorbl 17 ste af.

Heg draad aan st op 127e rye waar gedraai is, heg 19 ste af, voltooi 2e skouer soos eerste, alle vormings omgekeerd.

VOORPANT: Brei soos agterpant tot werk

28 cm lank is (118 rye).

Brei 35 ste, draai.

119e ry: Heg 5 ste af, brei tot einde.

120e ry: Brei tot einde.

121e ry: Heg 3 ste af, brei tot einde.

122e ry: Brei tot einde.

123e ry: Heg 3 ste af, brei tot einde.

124e ry: Brei tot einde.

125e ry: Heg 2 ste af, brei tot einde.

126e ry: Brei tot einde.

127e ry: Vermin 1 st, brei tot einde.

128e tot 142e ry: Vermin 1 st op elke alt ry. (5 keer), heg oorbl 17 ste af.

Heg draad vas aan st waar gedraai is, heg middelste 9 ste af, voltooi 2e skouerstuk soos eerste, alle vormings omgekeerd.

Halsrand: Werk linkerskouernaat toe. Hekel 3 rye kb rondom halsrand en oor regterskouer, maar in 3e ry word 3 lusse gemaak oor skouerrand op gelyke afstand van mekaar, soos volg: 4 ks, slaan 2 kb oor, 1 kb in vlg kb.

ROOI RAND: Met rooi en rondbreinaald, begin by regtervoorste skouer, tel op en brei 460 ste soos volg: *76 ste oor een sykant, 1 st by hoek, 76 ste oor onderste rand, 1 st by hoek, 76 ste oor sykant tot by skouer*. Herh van * tot * oor agterpant. Brei 3 rondtes r, dan 1 rondte m1, r2 tes, dan 3 rondtes r. Heg af. Vou rooi rand in helfte en werk met naald en gare aan binnekant vas.

Borduur op voorpant, raadpleeg diagram,

NA BLADSY 195

1 Junie
Maandag 1981

Uiteindelik 'n afspraak
met Albie.
gaan môre dans by
in fantastiese klub
Moet 'n nuwe
rok kry!

Parasetamol 200 mg, Fenilefrienhidrochloried 5 mg, Fenietoloksamiendehidrogeensitraat 12,5 mg, Chlorfeniramin Maleaat 2 mg, Kafeien 30 mg

Haal vry asem
binne
sekondes
met

decon

Decon is 'n snelwerkende neusontstoppingsmiddel wat jou binne sekondes vry laat asemhaal.

Decon maak nie alleen toe neusgange oop nie. Dit beveg ook die simptome van verkoue, griep, hooikoors, sinusitus en loopneus.

Verkrygbaar as druppels, neusspuit en kapsules.

Snelwerkende neusontstoppingsmiddel.



BORSLAPPIES

VAN BLADSY 182

beg ongeveer 18 cm vanaf onderste rand. Hekel 60 ks vir bandjie en 1 ry kb oor ks. Maak 2 sulke bandjies, werk 1 aan elke kant vas op dieselfde hoogte as borduurwerk. Werk knope aan.

BLOU EN WIT BORSLAP

BENODIGDHEDE: Pingouin-hekelgare Nr. 5, 50 g blou, 50 g wit; paar drade liggroen- en pienk vir borduurwerk; hekelpen van 2,5 mm.

MATE: Borslap is 26 x 32 cm groot.

SPANNING: 24 lb = 10 cm, 12 rye = 10 cm.

AFKORTINGS (soos 1e borslap).

AANWYSINGS: Begin aan onderkant en met blou, hekel 66 ks.

1e ry: lb tot einde — 64 ste — draai met 2 ks. Herh 1e ry tot werk 25 cm lank is.

Halsvorming: **Vlg ry:** 26 lb, draai. Hekel voort op dié 26 lb soos volg:

1e ry: lb tot laaste 2 lb, draai.

2e ry: lb tot einde. Herh dié 2 rye nog 4 keer.

11e ry: lb tot laaste lb, draai.

Hekel reguit voort tot 37 rye voltooi is (31 cm

lank).

Knip draad en heg af.

Slaan 12 lb in middel oor en heg draad aan. Hekel regerkant soos linkerkant, alle vormings omgekeerd. Knip draad en heg af. Met blou hekel 1 rondte kb rondom borslap, dan 1 rondte kb met wit.

3e rondte: Met wit, hekel kb rondom halsrand maar hekel oorbl rondte soos volg: *1 kb in elk van vlg 3 kb, 1 picot (= 4 ks en gs in 2 lse van laaste kb)*. Herh van * tot * tot einde van rondte, sluit af met gs.

BANDJIES (maak 2): Hekel 54 ks en 1 ry kb in ks vir bandjies. Werk met naald en gare aan hoeke van halsrand vas en borduur blommetjies ongeveer 7 cm bokant onderste rand.

WIT BORSLAP

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g Pingouin-hekelgare Nr. 5, 'n paar drade purper, geel, liggroen en fuchsia-rooi om mee te borduur; hekelpen van 2,5 mm, 1 knoop.

MATE: Borslap is 26 cm breed.

AFKORTINGS: Soos tevore, maar onthou dat steeds in agterste lus van kb gehekel word.

AANWYSINGS: Picot = 4 ks en 1 gs in 2 lse van dieselfde kb.

Hekel 85 ks om halsrand te vorm.

1e ry: 1 ry kb (= 84 ste).

Hekel verder slegs in agterste lse van elke kb-ry.

2e ry: 1 ks, 13 kb (3 kb in vlg st, 13 kb) 5 keer, draai.

3e ry: 1 ks, kb tot einde, draai.

4e ry: 1 ks, 14 kb, 3 kb in vlg st (15 kb, 3 kb in vlg st) 4 keer, 14 kb, draai.

5e ry: 1 ks, kb tot einde, draai.

Herh 4e en 5e ry nog 5 keer, hekel 1 ekstra steek aan elke kant en 2 ste ekstra in elke paneel in elke ewe ry tot 163 kb by ry 15 gemaak is.

16e ry: 1 ks, 21 kb, (3 kb in vlg st, 29 kb) 3 keer, 2 kb in vlg st, draai.

17e ry: 1 ks, 64 kb, draai.

18e ry: 1 ks, hekel kb, vermeer slegs in middelste st, kb tot einde.

19e ry: 1 ks, kb tot einde.

Hekel voort met vermeer elke alt ry tot 32 rye voltooi is, heg af.

Begaan regterhalsrand, hekel 1 ry kb rondom werk.

Vlg ry: *1 kb in kb, 1 ks, slaan 1 st oor, in vlg st (2 lb, 4 ks, gs in dieselfde st), 1 ks, slaan 1 kb oor*, herh van * tot * tot einde, gs in laaste kb.

Hekel ls om knoopsgat te vorm op regterhalsrand en werk knoop aan ander kant aan. Borduur motief, raadpleeg diagram.

ROOI ROSE
VAN 26 AUGUSTUS

Maak 'n safari-ete...
ons wys jou hoe

Borduur
Florentynse
kussings

Talle
handwerk-idees

En nog veel meer

**Bybel-
Onthullings**

WAT U GEESTELIK
SOOS 'N

DONDERSLAG

SAL TREF

Skryf om GRATIS leesstof aan:

DEPT. R6, POSBUS 182,

UMHLANGA ROCKS 4320.

'SILVERCHEF' GEHALTE KLEEFVRYE KOOKWARE



Topgehalte KLEEFVRYE kookware van dikaluminium met 'n super-sterk 3-laag teflon/mika-voering.

Die blink idee vir gesonde kos!



AVB, posgeld en verpakking by pryse ingesluit
Aflewering binne ± 4 weke.

Bestel by:

CREATIVE ENTERPRISES
Posbus 1751
Carletonville
2500
Tel. (01491) 3163

ARTIKEL	GETAL	TOTAAL
150 mm Souspan	@ R13,00	
200 mm Stowepan	@ R19,00	
225 mm Stowepan	@ R23,50	
260 mm Braalpan	@ R19,00	
260 mm Braalpan met deksel	@ R22,00	
300 mm Paella pan	@ R19,00	
TOTAAL		

Ek sluit hierby in my tjek/posorder
vir R.

Naam

Adres

Kode..... Tel.....
RR 26/8/81